

# OMGEWINGSMAGTIGING-PROSESKAART

## SUID-AFRIKA



Geen individu of maatskappy mag prospekteer of ontgin - of enige bedrywighede uitvoer wat met die ontginning van mineraal - of petroleumhulpbronne verband hou - tensy hulle eers omgewingsmagtiging verkry het nie. Om dit te verkry, moet hulle 'n omgewingsimpakstudie (OIS) uitvoer.

Die OIS is 'n evaluering van die moontlike en verwagte impak wat 'n voorgename ontwikkeling op die omgewing kan hê. Dit sluit 'n openbare konsultasieproses in. Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur sit die omgewingsbestuursbeginsels uiteen wat besluitneming oor die omgewing

regdeur die lewensiklus van die ontginning moet rig.

Wanneer daar om omgewingsmagtiging aansoek gedoen word, moet die aansoeker die OIS saam met 'n basiese evalueringsverslag, 'n omvangbepalings- en omgewingsimpakevalueringverslag, spesialisverslae (soos verslae van geohidroloë, vleilandspecialiste, biodiversiteitspecialiste en erfenisspecialiste), konsep-omgewingsbestuursprogramme, sluitingsplanne en finansiële voorsiening indien.

'n Aansoeker doen aansoek om omge-

wingsmagtiging via die streeksbestuurder ('n amptenaar in die Ministerie van Minerale Hulpbronne en Energie) van die streek waarin hulle wil ontgin of eksploreer. Die magtiging word uiteindelik deur die Minister vir Minerale Hulpbronne en Energie toegeken.

Mense het die reg om teen die omgewingsmagtiging te appelleer, wat die werking van die magtiging tydelik sal staak totdat die appèl gefinaliseer is. Die appèlproses word deur die Minister van Omgewingsake, Bosbou en Visserye gereguleer.

## OMGEWINGSMAGTIGING

### STAPPE

### BETROKKNES

#### 1 DOEN AANSOEK

Wanneer 'n myner of prospekteerder 'n aansoek om 'n ontginnings- of eksplorasiepermit indien, moet hulle terselfdertyd 'n aansoek om omgewingsmagtiging indien. Hulle dien albei elektronies via 'n aanlyn portaal (SAMRAD) in, en betaal die nieterugbetaalbare aansoekgeld.

**1.1** By die ontvangs van die aanlyn aansoek, gee die streeksbestuurder opdrag aan die aansoeker om die relevante omgewingsverslae in te dien.



#### 2 KENNISGEWING EN KONSULTASIE

Die streeksbestuurder reik 'n artikel 10-kennisgewing van die Wet op Mineraal- en Petroleumhulpbronne (Mineral and Petroleum Resources Development Act, MPRDA) uit, wat vereis dat die aansoeker die belanghebbende en geaffekteerde partye van die voorgename aansoek in kennis stel, en om enige kommentaar van hulle te ontvang.

**2.1** **30 DAE** Die aansoeker moet skriftelik kennis gee aan en met die grondeienaar, regmatige okkupeerder en enige ander geaffekteerde partye konsulteer, en binne 30 dae vanaf die datum van die artikel 10-kennisgewing die uitslag van gemelde konsultasie by die streeksbestuurder indien.



# OMGEWINGSMAGTIGING

## SUID-AFRIKA

### 3 EVALUERING

Verskillende prosesse word dan gevolg, afhangend daarvan of dit 'n prospekterreg- of 'n mynreg/permit is. Prospekterrege vereis 'n basiese evalueringsverslag. Mynpermitte of -rege vereis die deegliker omvangbepalings- en omgewingsimpakevalueringsverslag. Dit word afsonderlik en om die beurt hieronder hanteer.

### 4 BASIESE EVALUERING VIR PROSPEKTERREGTE

**4.1** Die aansoeker moet 'n omgewingsbestuursplan en 'n basiese evalueringsverslag indien.

**4.2** 'n Vergadering word met die belanghebbende en geaffekteerde partye gehou om op die konsep-omgewingsbestuursplan en basiese evalueringsverslag kommentaar te lewer.

**4.3** Die konsepverslae word vir oorweging by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie ingedien.

**4.4** Die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie aanvaar die versoek om omgewingsmagtiging of keur dit af.

**4.5 APPÈL**  
Aansoekers of belanghebbende en geaffekteerde partye wat nie met die minister se besluit saamstem nie, kan na die Departement van Omgewingsake appelleer.



### 5 OMVANGBEPALINGSEVALUERING VIR MYNREGTE

**5.1** 'n Konsep-omvangbepalingsverslag word aan alle geregistreerde en belanghebbende en geaffekteerde partye beskikbaar gestel, en 'n vergadering word gehou sodat kommentaar gelewer kan word.

**5.2** Die konsep-omvangbepalingsverslag, saam met die kommentaar van die belanghebbende en geaffekteerde partye, word vir oorweging by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie ingedien.

**5.3** Die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie aanvaar die konsep-omvangbepalingsverslag óf keur dit af, en die belanghebbende en geaffekteerde partye word daarvan in kennis gestel.

**5.4** By aanvaarding word die aansoeker opdrag gegee om 'n omgewingsbestuursplan en 'n omgewingsimpakevalueringsverslag in te dien.

**5.5** 'n Vergadering word met die belanghebbende en geaffekteerde partye gehou om op die konsep-omgewingsbestuursplan en die basiese evalueringsverslag kommentaar te lewer.

**5.6** Die konsepverslae word vir oorweging by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie ingedien.

**5.7** Die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie aanvaar die versoek vir omgewingsmagtiging óf keur dit af.

**5.8 APPÈL**  
Aansoekers of belanghebbende en geaffekteerde partye wat nie met die minister se besluit saamstem nie, kan na die Departement van Omgewingsake appelleer.



### 6 OMGEWINGSMAGTIGING WORD TOEGESTAAN

